**Verwelkoming deur prof Russel Botman,**
**rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch,**
**by die jaarlikse (Suidelike) Bekroningsgeleentheid van die**
**Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns,**
**13 Oktober 2010, HB Thom-teater, Stellenbosch**

www.sun.ac.za/university/Management/rektor/toesprake.html
www.sun.ac.za/university/Management/rektor/speeches.html

Dames en here, namens die Universiteit Stellenbosch (US) is dit my voorreg om u vanaand te verwelkom by hierdie Bekroningsplegtigheid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Moeder Natuur het ons vandeesweek verras met ʼn bietjie laat sneeu, maar ons harte klop vanaand warm vir die pryswenners en hul prestasies.

Ek vind dit altyd opwindend om met die Akademie te skakel. Dit is immers ʼn organisasie wat hom beywer vir uitnemendheid in die wetenskap, die tegnologie, die kunste en die Afrikaanse taal. Bykans al die dimensies van menswees word hierdeur gedek. In dié opsig is die Akademie ʼn waardige naamdraer van die skool van filosofie wat die wysgeer Plato meer as 2 000 jaar gelede in antieke Griekeland tot stand gebring het. Hieruit het die idee van hoër onderrig gevloei, waarvan die US by uitstek ʼn beliggaming is.

So, u sien, ons het baie in gemeen. Ek verwelkom dus hierdie geleentheid om julle hier in Stellenbosch te verwelkom! Ek hoop julle voel tuis hier, en as julle iets nodig het, vra sommer die naaste oud-Matie – waarvan daar baie in die gehoor is. Ons het gevind hulle is ons beste ambassadeurs.

Seremoniemeester, ons is vanaand hier om die uitsonderlike prestasies van die Akademie se bekroondes vir 2010 te vier. As mens so na die lys pryswenners

kyk, en hul bydraes op verskeie gebiede in ag neem – die natuurwetenskap, gesondheidswetenskap, letterkunde, geskiedenis, musiek – is dit duidelik dat die Akademie erns maak met sy strewe na "dienslewering" aan "alle Suid-Afrikaners", soos vervat in sy missie en doelstellings.

Dis presies die regte ding om te doen. Soos u weet, is daar is groot maatskaplike behoeftes in ons land en die res van ons vasteland, en menslike ontwikkeling kan met reg as die morele imperatief van ons tydvak beskryf word.

Nes die Akademie, is dienslewering vir die Universiteit Stellenbosch ook van groot belang. Dis vir ons enersyds ʼn manier om die onregte van die verlede te help regstel. Maar dis andersyds ook ʼn belegging in die toekoms. Ons is tog almal in dieselfde bootjie. Ons sukses as universiteit is nou verweef met die sukses van die land – eintlik nog breër, met die sukses van Afrika. Dit sou kortsigtig van die Universiteit wees om die "uitnemendheid" waarop hy hom beroem net in ʼn spreekwoordelike "ivoortoring" na te streef sonder om die nood van mense óm ons raak te sien.

Die US se HOOP Projek, wat drie maande gelede openbaar bekendgestel is, is die instrument wat ons ontwikkel het om die samelewing van diens te wees.

Dit stel ons in staat om ernstige probleme in die land – soos armoede, swak gesondheid, diskriminasie, geweld, konflik, omgewingsbesoedeling en die behoefte aan nywerheidsontwikkeling – prontuit te takel.

Maar wat u veral interessant behoort te vind, is hóé ons dit doen. Kyk, die HOOP Projek het nie oornag van die Universiteit ʼn welsynsorganisasie of ontwikkelingsagentskap gemaak nie. Allermins. Dis ʼn inisiatief waarmee die

Universiteit sy eiesoortige kundigheid – die akademie en die wetenskap – aanwend om bepaalde maatskaplike doelwitte te bereik.

Die HOOP Projek is in die eerste plek akademies begrond. Dit beteken ons plaas in al ons inisiatiewe ʼn hoë premie op wetenskaplike kennisverwerwing, -oordrag en toepassing. Die HOOP Projek is in lyn met die "bestaansdoel" van die Universiteit, soos vervat in ons *Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarná*, naamlik "om in verbondenheid aan die universitêre ideaal van uitmuntende wetenskapsbeoefening, ʼn omgewing te skep en vol te hou waarbinne kennis ontdek kan word, gedeel kan word, en tot voordeel van die gemeenskap aangewend kan word".

Dames en here, ek het vroeër gewys op die gemeenskaplikhede tussen die Akademie en die Universiteit Stellenbosch. Nog een is natuurlik die twee instellings se lang bestaansgeskiedenis. Die Akademie het verlede jaar sy eeufees gevier, en Maties se wortels strek eweneens meer as honderd jaar die verlede in. Wat my betref, is ons goed geplaas om hande te vat en saam die uitdagings van die toekoms die hoof te bied.

ʼn Aantal jare gelede was ek voorsitter van ʼn Voortsettingskomitee wat saam met die Akademie sou nadink oor die omvorming van die Akademie. Ons het toe besluit om die hele proses terug te hou tot ná die Akademie se eeuwording. So, ek sien nou uit na die hervatting van hierdie gesprekke.

Weereens baie welkom hier, en geniet die res van die aand.